**VAN DIE ELJADA HUIS SE TAFEL**
**‘N NUUSBRIEF 30 Mei 2013**

Dagsê Almal
**My storie**:
Prys Hom bo alles vir sy getroue versorging van die Eljada Huis. BAIE dankie vir almal en alles wat ons die afgelope week so mildelik ontvang het.

***2 November 2013***

BAIE dankie Rietvallei dat ***Eljada Huis*** jul fasiliteite mag gebruik om ons ***MARKDAG*** te hou. Dagboek asseblief hierdie dag om ons te kom ondersteun. Ons beplan om ‘n groot verskeidenheid van items beskikbaar te hê wat deur die mans en dames handgemaak is en ek kan u verseker dat die kwaliteit soos in die verlede van hoogstaande gehalte gaan wees. Daar sal geskenke, tuisgebak, vermaak, ‘n teetafel en vele meer wees sodat oud en jonk dit kan kom geniet saam met ons. Ons harte is in hierdie mark en alles word met groot sorg en liefde voorberei. Die inkomste van die dag word verdeel tussen die mans en dames na insetkostes afgetrek is om vir hulle ‘n geldjie vir die feestyd beskikbaar te maak wanneer die huis gesluit is. Indien u wil help met die voorbereiding en bemarking sal ek dit baie waardeer.
Ek wil graag vandag gesels oor ons kniel kussing naaldwerk projek. Lees gerus die Leefstyl artikel by www.ornico.co.za/ editorialstream/OwnMediaAttachments/2013_05_01_921252.pdf waar ‘n gesprek met Faith Durie gevoer is. Om met haar te gesels is ‘n ervaring want dit is geloof in aksie en praktyk. Die kussings word geheel en al hier by die Eljada Huis gemaak en dit is ‘n werkskeppingsprojek wat Faith na ons toe gebring het. BAIE dankie Faith. Die kussing word geheel en al hier gemaak – die binneslope word deur Margaret, Hettie en Erna gemaak en gestop met presiesheid van mates en gramme. Die buitesloop word van denim gemaak vir duursaamheid want graag wil ons almal saam op ons knieë die Here daagliks dank vir Sy genade. Die teks het Faith met groot sorg en gebed gekies. Jenny, Jo-anne, Judith, Corlia, Bernadine en Ivon meet, vou, borduur en werk die sloop ook met presiesheid toe en dan word die binnesloop ingesit nadat elke hoekie en puntjie versigtig uitgedruk en gepluis is. Dan word dit verseel in ‘n plastiese sak, in die kombi gelaai en dis reg vir aflewering. Ons lewer tans tussen 50 en 100 kussings per week. Soms lol die borduurmasjien of een van die ander dan word daar ‘n vinnige skietgebedjie opgeskiet en gaan alles weer vloeiend voort. Jo-anne het al ‘n paar keer vir my kom sê hoe hierdie gebedjie haar redding was. Ek wil net noem dat nie een van hierdie vroue naaldwerk kon doen nie en die trots, liefde en toewyding waarmee hulle dit doen is onbeskryflik. Die kussings word met ‘n Afrikaanse en Engelse teks gemaak en ons het ook begin met ‘n kleiner kussinkie vir die kleingoed met ‘n ander teksvers. In beide tale beskikbaar. Ek het een saamgeneem Dubai toe vir my kleinseun wat in Cyprus woon en saam met my sy nuwe sussie gaan ontmoet het. Hy was in ekstase. Ons gaan beslis kussings beskikbaar hê by die markdag. Indien u belangstel kontak gerus vir Faith by 0823346384 of epos faith@faithduriekussings. Haar webwerf is www.faithduriekussings.co.za. Groot kussings kos R150 en kleintjies R130. Faith maak geen wins op die kussings nie en die prys dek net die insetkostes. Bestel gerus by haar.

**Ons daaglikse “brood” behoeftes:**

- Blikkies – vleis, vis en groente
- Soja, rys, macaroni en spaghetti
- Koffie, tee, suiker en boksmelk
- Broodsmere – margarien, konfyt, . stroop, grondboontjiebotter, Bovril
- Kookolie, eiers en koekmeel
- Vars vleis, groente en vrugte
- ➢ Toiletware – badseep, tandepasta, sjampoe, spuitgoed, aanrol, skeer messe, sanitêre doekies, handeroom, toiletpapier, waspoeier, sunlight seep en vadoeke.

Ons bankbesonderhede :
***Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001***
Ons adres:
***Eljada Huis***
***Boekenhoutkloof straat 949, Claremont.***
***T – 012 377 0503***
***S – 072 855 8289 Annatjie***
***S – 076 738 2623 Petro***
***eljadahuis@mweb.co.za***
***www.eljadahuis.weebly.com***

**Eljada Huis groete.** **Annatjie**